# Eerste wysigingswet op die Namibiese Grondwet, 1998

**VERDUIDELIKENDE NOTA:**

_______ Woorde wat met ’n ononderbroke lyn onderstreep is, dui invoegings in bestaande bepalinge aan.

[ ] Woorde in vet letters in vierkantige hakies dui weglatings van bestaande bepalings aan.

## WET

**Ter wysiging van die Namibiese Grondwet om voorsiening te maak dat die eerste President van Namibië die amp van President vir drie termyne kan beklee en om voorsiening te maak vir gepaardgaande sake.**

**DAAR WORD SOOS VOLG BEPAAL** deur die Parlement van die Republiek van Namibië, ooreenkomstig die vereistes van artikel 132 van die Namibiese Grondwet:-

**Wysiging van Artikel 134 van die Namibiese Grondwet**

1. Artikel 134 van die Namibiese Grondwet word gewysig deur die byvoeging van die volgende subartikel:

“(3) Ondanks artikel 29(3) kan die eerste President van Namibië sy amp as President vir drie (3) termyne beklee.”

**Kort titel**

2. Hierdie wet sal bekend staan as die Eerste Wysigingswet op die Namibiese Grondwet, 1998.